

## Sondag 21 Mei

### Skrifgedeelte: Openbaring 6:9-11

### Fokusgedeelte: Openbaring 6:10; HK Sondag 22, Antwoord 57

#### Bewuste lewe na die dood

As die siele van die gelowiges by hulle dood tot Christus in die Vaderhuis opgeneem word, verkeer hulle daar in 'n *bewuste toestand* by Christus. Dit blyk reeds uit die vorige twee dagstukkies. Tog is dit nodig om dit weer sterk te beklemtoon, omdat daar ook tans mense is wat dit beslis ontken.

Teenoor dergelike ontkennings verklaar ons op grond van die Skrif dat die gelowiges na hulle dood nie in 'n toestand van bewusteloosheid of diep slaap verkeer waaruit hulle eers met die wederkoms van Christus sal wakker word nie. Nee, hulle is bewus van alles om hulle en ervaar bewustelik die heerlikheid wat God vir hulle beskik het.

Dat dit die geval is, blyk uit verskillende Skrifgegewens. So verklaar Paulus in Filippense 1:21, 23: “Want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins ... Ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste.” Dit spreek van 'n bewustelike verkeer met Christus na die dood. Die sterwe kan tog nie vir die gelowige enige wins wees as hy in 'n toestand van bewusteloosheid of slaap verkeer en nie eers weet wat gebeur nie. Paulus sou nie kon sê dat dit verreweg die beste is om met Christus te wees as hy ná sy dood nie eers daarvan bewus kon wees van die feit dat hy by Christus is nie.

Die gelykenis van die ryk man en Lasarus spreek ook van 'n bewuste bestaan van die mens ná die dood, waarin die ryk man bewustelik smarte ly en Lasarus bewustelik die heerlike saligheid ervaar (Luk. 16:19-31).

Dat daar 'n bewuste bestaan ná die dood is, word ook bevestig deur wat ons lees in Openbaring 6:9, 10: “Toe die Lam die vyfde seël oopmaak, het ek onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het. Hulle het hard geroep: ‘Hoe lank nog heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreck U ons dood op die bewoners van die aarde?’”

Hier leer die Skrif ons dat daar 'n aktiewe en welbewuste voortbestaan van die siele ná die dood is. Trouens, die vraag: “Hoe lank nog?” toon dat daar by hulle 'n tydsbesef is tesame met herinnering en vooruitsig. Hier kan ons ook sien dat die siele van die gelowiges ná die dood op so 'n wyse bewustelik met Christus saamlewe dat hulle in gesprek is met Hom.

Dit alles toon dat die gelowiges ná hulle dood in 'n bewuste toestand by Christus is. Ook met dié belydenis moet ons mekaar vertrou (vgl. ook Joh. 11:25, 26; Hand. 7:59).